# Fotoklub se jaarwenners gekroon



Renee Storme se "Lady in Blue" - Foto van die Jaar in die senior-afdeling.



Die wenners van die Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging is voor van links: Rosie de Jager, Mietsie Visser en Renee Storme. Agter van links: Rika Schoeman, Neville Hein, Haig Fourie, Elsje Vermeulen, Morné Potgieter en Koos Fourie (klub-voorsitter).

VANDERBIJLPARK. - In Julie het die ***Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging*** sy jaarkompetisie gehou, waarna die wenners in die onderskeie afdelings gekroon is.

Al die lede kon sy/haar 10 beste foto's van die afgelope klubjaar inskryf. Onafhanklike beoordelaars van die Westville Fotografieklub in KwaZulu-Natal het die beoordeling behartig.

Die lede kon ook om die voorsitterstrofee meeding, waarvan die tema vanjaar "Inperking" was. Haig Fourie was die wenner met sy foto "Hoop".

**Die Fotograaf van die Jaar in die onderskeie Ster-graderings is:**

1 Ster - Rika Schoeman
2 Ster - Chris Bester
3 Ster - Rosie de Jager
4 Ster - Elsje Vermeulen
5 Ster - geen inskrywing
Meesters - Mietsie Visser

Daar is ook toekennings vir Werker van die Jaar in die onderskeie graderings. Dit is vir punte behaal en deelname gedurende die jaar.

**Die Werker van die Jaar in die onderskeie graderings is:**

1 Ster - Rika Schoeman
2 Ster - Chris Bester
3 Ster - Neville Hein
4 Ster - Elsje Vermeulen
5 Ster - Morné Potgieter
Meesters - Haig Fourie (algehele Werker van die Jaar).

In die senior-afdeling (4 Ster en hoër) is Renée Storme (Meester Brons) se foto ***Lady in Blue*** as die foto van die jaar aangewys. In die junior-afdeling (1 - 3 Ster) is Rosie de Jager (3 Ster) se foto ***This little piggy*** as die wenfoto van die jaar aangewys.

Mietsie Visser is as Senior Fotograaf van die Jaar en Rosie de Jager as Junior Fotograaf van die Jaar aangewys.

**Die top 10-plekke in die klub behoort vanjaar aan:**

1. Mietsie Visser
2. Rosie de Jager
3. Renee Storme
4. Haig Fourie
5. Francois Roux
6. Pine Pienaar
7. Jan Jacobs
8. Elsje Vermeulen
9. Chanel Enslin
10. Koos Fourie

**** Vir nadere inligting oor die klub kan Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za gekontak word.***

*Besoek gerus ook die klub se webtuiste http://www.vdbp-photo.org of hul Facebook-blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.*



Rosie de Jager se "This little piggy" - Foto van die Jaar in die junior-afdeling.



Een van Mietsie Visser, die klub se Fotograaf van die Jaar, se puik foto's.



Haig Fourie se foto "Hoop" is die wenner van die Voorsitterstrofee. Die tema was "Inperking".